*Vrydag* **30 Mei**

**Skrifgedeelte: 1 Petrus 1:22-25**

**Fokusgedeelte: 1 Petrus 1:23, 25 (AFR2020)**

**Die Woord wek nuwe lewe en gee vorm daaraan**

Ons weet dit almal: blywende verandering en groei, wat die Here by ons soek, kom baie moeilik. Die Here soek vrug wat volg op verlossing. So sê Petrus dat die gelowiges mekaar nie net 'n bietjie moet liefhê nie, maar opreg en met groot intensiteit. Hierdie groei is alleen moontlik waar mense wedergebore is deur die Woord van God en steeds voortbou op die Woord. Deur hierdie evangelie wek Hy ons op uit ons geestelike dood in sonde, skenk aan ons geloof en nuwe, ewige lewe. Watter instrument is meer effektief as God se Woord? Petrus noem 'n paar eienskappe van die Woord van God:

- Die Woord is lewend en blywend (vs 23, vgl. Jes. 40:8). Elke dag, deur die eeue, omskep die Heilige Gees lewens deur die Woord. Dit is hierdie kragtige Woord wat ons bemagtig om die nuwe lewe in Christus te leef. Hierdie Woord het oorleef deur al die eeue ondanks teenstand en kritiek, en steeds gaan dit voort om mense uit die dood tot die lewe op te wek.
- Die Woord is die evangelie wat aan ons verkondig is (vs 25). In die kern van die Woord staan die heerlike boodskap van verlossing deur God se liefde in Jesus Christus.
- Die Woord is onverganklike saad (vs 23). Dit is saad wat nooit sterf nie en sonder einde vrug lewer wat vir ewig bly.

Die Woord alleen is die kragtige instrument wat lewens blywend kan verander, daar is nie ander "quick fixes" nie. Deur die Woord wat ons harte aangryp, omskep die Gees ons hele lewensuitkyk, ons oortuigings en ons waardes om Christus na te volg. Daar is 'n direkte verband tussen die Woord in jou lewe en die groei in jou lewe. Delf daarom biddend en afhanklikheid in die rykdom van God se lewende en blywende Woord. Groei sal volg.

*Sing: Psalm 119-1:1, 7*

*Ds. JGL (Deon) van der Walt (Oudtshoorn)*